Woensdag **11 September**

**Skrifgedeelte: Psalm 119:9-16**

**Fokusgedeelte: Psalm 119:9**

**Een van die belangrikste vrae**

Vers 9 begin sekerlik met een van die belangrikste vrae vir gelowiges. Hoe sal ’n jongmens sy lewenspad suiwer hou? Belangrik dat hierdie vraag reeds aan die begin van ’n verbondskind se lewe gestel word. Liewers vroeër as later. Die antwoord hierop is eenvoudig: Deur te hou by u Woord.

Dit is nie altyd so maklik nie. In ’n wêreld vol van sonde is daar baie beproewings. Dit is die moeilikheid waarvoor die mens geplaas word, om lewenslank te volhard in die geloof en om in ’n wêreld vol van sonde jou lewenspad suiwer te hou. Vir ’n jongmens is dit ’n pragtige ambisie. Daar is nie iets belangriker as dit nie. Deur die geloof word kinders van die Here in ’n lewe van dankbaarheid gedryf. Ons het ’n onmiskenbare roeping om die stryd teen die sonde aan te gaan.

Hiervoor gee Psalm 119 kragtige leiding. Veral as ons dit in verband bring met die woorde van Jesus Christus. Jesus wat vir ons die wet van die Here saamvat in ons liefde vir God en mekaar. Vers 10 lees ons met Hom voor oë: “Met my hele hart soek ek U; laat my tog nie afdwaal van u bevele nie.” As jy die Psalm lees, is dit goed om die Here se gebooie konkreet voor oë te stel: het jou naaste lief, moenie oordeel nie, gee as iemand iets vra, vergeef hom wat jou iets skuldig is, moenie bekommer nie, moenie skinder nie, wees rein, wees heilig, ensovoorts. Psalm 119 help ons op die lewenspad.

Hoe kan ’n mens, jonk of oud, sy lewenspad suiwer hou? Deur te hou by die Here se Woord, want: “As u woorde oopgaan, gee dit lig; dit gee insig aan onkundiges.”

*Sing: Psalm 119-1:4*

*Ds. GP (Gerben) Meijer (Waterkloofrand)*